



Kleinskaalse boere van Ga-Mokaba, Mokopane, Limpopo, spog met hul eerste oes droogteverdraagsame Wema-mielies. Van links is dr. Kingstone Mashingaidze, navorsingspanbestuurder van die Wema-projek in Suid-Afrika, en dr. Sylvester Oikeh, Wema-projekbestuurder by die AATF-stigting in Kenia, by drie boere, mee. Jane Mohlake, Melita Somela en Ramasela Moabelo. FOTO:HANSLOMBARD

Kenia, Mosambiek, Uganda en Tanzanië. Die GM-tegnologie word sonder tantiemekoste aan opkomende boere beskikbaar gestel.

SAAD BESKIKBAAR

Dr. Kingstone Mashingaidze, die navorsingspanbestuurder wat aan die hoof staan van die Wema-projek in Suid-Afrika, het boere se samewerking gevra. “Dié opbrengste wat ons vandag sien, is ’n bewys van wat bereik kan word as ons saamwerk om ontwikkelende boere op die pad na kommersiële boerdery te plaas.”

Saad vir die komende seisoen is beskikbaar. Bel dr. Mashingaidze by 018 299 6356 of 074 694 6946.

TEGNOLOGIE

MIELIE-HUPSTOOT VIR KLEINSKAALSE BOERE

ONTWIKKELENDE boere wat die afgelope seisoen – tydens een van die kwaaieste droogtes in jare – vir die eerste keer droogteverdraagsame Wema-bastermielies geplant het, het hul opbrengste verdubbel.

Die kultivar DroughtTE-GOTM WE3127 is ’n wit baster. Die Landbounavorsingsraad (LNR) het 10 000 sakkies van 500 gram elk gratis aan ’n aantal kleinboere in Limpopo, Mpumalanga, Noordwes, die Vrystaat en KwaZulu-Natal geskenk om op die proef te stel.

Die LNR het dié mielie deur middel van die Wema-projek (Waterdoeltreffende mielies vir Afrika) ontwikkel.

Mnr. Prince Molema, een van vier opkomende boere van Mooifontein naby Lichtenburg in Noordwes wat die droogteverdraagsame mielies geplant het, sê hul gemiddelde opbrengs

was 2 t/ha vergeleke met 1,5 t/ha vir konvensionele basters. Die gemiddelde reënval gedurende die seisoen was 250 mm vergeleke met gemiddeld 500 mm in normale jare.

VERDUBBEL

In Limpopo het nege kleinboere – ses mans en drie vrouens – van Ga-Mokaba in die distrik Mokopane 7 ha geplant. Mnr. Isaiah Setseta, voorsitter van die Mokaba-boerevereniging, het gesê hul gemiddelde opbrengs was 1,14 t/ha vergeleke met 0,6 t/ha die vorige seisoen met konvensionele mielies en met goeie reëns – ’n 100% toename in een van die droogste jare in twee dekades. Hulle beoog om nou hul aanplantings te verdubbel.

In ’n verklaring sê die LNR die ontwikkeling van die nuwe mielie is deur die Afrika-landboutegnologie-stigting (AATF)

in Kenia gekoördineer. Dit is ’n vennootskap tussen die openbare en private sektore waarby die volgende organisasies ook betrokke is: Die internasionale sentrum vir die verbetering van mielies en koring (CIMMYT), Monsanto, wat die tegnologie vir insekbestandheid (Bt) én droogteverdraagsaamheid aan die Wema-projek geskenk het, en ook landbounavorsingsinstansies in